# SIMBRA Veilingsreëls
# SIMBRA Auction Rules

= Jou Simbra Waarborg

## Inleiding / *Introduction*

Die doel van die veilingsreëls is om so ver as moontlik te verseker dat alle Simbras wat per veiling aangebied word steeds voldoen (al was hulle voorheen gekeur) aan die rasstandaarde en 'n aanvaarbare kriteria wat betref vrugbaarheid en/of reproduksie asook sekere gesondheidvereistes, en is van toepassing op alle openbare-/aanlyn-/katalogusveilings. Alle Simbras so verkoop se verkoop vind dus plaas onderhewig aan die reëls van die Genootskap. Geregistreerde Simbras wat nie aan die reëls voldoen nie, mag nie per veiling te koop aangebied word nie.

Daar is drie kategorieë in 'n amptelike Simbra veilingskatalogus:

A. **Geregistreerd**: Geregistreerde bulle (met S-brand op linker skouer), en geregistreerde vroulike diere en kalfboek diere onder 12 maande of sogende kalwers.
B. **Cum verse**: Verse wat reeds as Cum diere opgeneem is in die Simbra kuddeboekstelsel.
C. **Kommersiële diere**: Simbra-tipe vroulike diere wat fenotipies van so 'n gehalte is dat hulle in aanmerking kan kom om as Cum diere opgeneem te word.

Dit is die verkopers se verantwoordelikheid om seker te maak dat alle inligting van verkoopsdiere volledig angebring is op die stelsel. Inligting van veilings diere, lot nommers en kommentaar moet die kantoor minstens 6 weke voor die veilings datum bereik. Inligting moet ingedien word per e-pos in die voorgeskrewe formaat. Een proef katalogus sal opgestel word, wat alle uitstaande inligting sal aandui. Teler het 3 werksdae om regstellings en uitstaande inligting per e-pos aan die kantoor te stuur. Tweede proef sal voorgestel word vir goedkeuring deur verkoper waarna katalogus gefinaliseer sal word.

Dit is dan ook die verkoper se verantwoordelikheid om seker te maak dat die Veilingshuis die Kopersrol en Veilings statistieke binne 7 dae na afhandeling van die veiling aan die Genootskap stuur sodat die kantoor die nodige Oordragte en Statistiese Rekords kan voltooi. Kontak kantoor per e-pos, office@simbra.org, indien u meer inligting rondom die veilings statistieke benodig.

---

*The purpose of the auction rules is to ensure as far as possible that all Simbras that are offered at auctions still meet (even if they were previously inspected) the breed standards and an acceptable criterion in terms of fertility and/or reproduction as well as certain health requirements and applies to all public/online/catalogue auctions. The selling of all Simbras sold in this manner, therefore takes place subject to the rules of the Society. Registered Simbras that do not comply with the rules may not be offered for sale on auction.*

*There are three sections in an official Simbra auction catalogue:*

*A.* ***Registered****: Registered bulls (with S brand on left shoulder), registered females, and calfbook animals under 12 months or suckling calves.*
*B.* ***Cum heifers****: Heifers that have already been recorded as Cum animals in the Simbra herdbook system.*
*C.* ***Commercial animals****: Simbra type female animals that are phenotypically of such quality that they can be considered as Cum animals.*

*It is the sellers' responsibility to make sure that all information of sale animals is fully integrated into the system. Information for auction animals, lot numbers and comments must be submitted to the office at least 6 weeks prior to the auction date. Information must be submitted via e-mail in the prescribed format. One draft catalogue will be drawn up, which will indicate all outstanding information. Breeder has 3 business days to e-mail corrections and outstanding information to the office. Second draft will be proposed for seller approval after which catalogue will be finalised.*

*It is then also the seller's responsibility to ensure that the Auction House send the Buyers' Roll and Auction statistics to the Society within 7 days of the completion of the auction so that the office can complete the necessary Transfers and Statistical Records. Contact the office via e-mail at office@simbra.org if you need more information about the auction statistics.*

# SIMBRA Veilingsreëls
# SIMBRA Auction Rules

= Jou Simbra Waarborg

## Algemeen / *General*

**1.1.** Alle diere moet maksimum 30 dae voor 'n veiling deur 'n geakkrediteerde inspekteur/keurder wie op die veilingspaneel dien, en wie sal optree as beskermheer, gekeur word.

**1.2.** Bulle moet gepunt word volgens die Simbra liniêre klassifikasie stelsel, en vroulike diere moet 'n geheelbeeld punt kry.

**1.2.1.** Diere wat nie voldoen aan minimumstandaarde nie mag nie te koop aangebied word nie.

**1.3.** Alle vaars wat kalwers (in aanmerking vir registrasie) gaan verwek wat gebore word vanaf 1 September 2022, moet gegenotipeer wees en 'n SNP genotipe op rekord hê alvorens 'n dragtige vers of koei met 'n jong kalf hierin na verwys, op 'n veiling aangebied mag word.

**1.4.** Alle Simbras wat per openbare veiling aangebied word, word verkoop onderhewig aan die Veilingsreëls van die Genootskap.

**1.5.** Amptelike veilingspamflet is onderhewig aan goedkeuring voor dit op sosiale media en webtuiste gepubliseer mag word, en moet die amptelike Simbra logo vertoon (waar diere van meer as een ras adverteer word en op dieselfde veiling aangebied word is die Simbra logo nie verpligtend nie).

**1.5.1.** Indien die linkerskouer van 'n bul op die pamflet getoon word, moet die S-brand op die skouer teenwoordig wees.

**1.5.2.** Diere wat op die veilingspamflet verskyn, moet in veilingskondisie wees en aan fenotipiese rasstandaarde voldoen – die veilingspamflet screening paneel sal besluit of die veilingspamflet aan hierdie vereiste voldoen word.

---

***1.1.*** *All animals must be inspected a maximum of 30 days before an auction by an accredited inspector/selector from the auction panel, who will act as patron of that specific auction.*

***1.2.*** *Bulls must be scored according to the Simbra linear classification system, and females must receive an overall appearance score.*

***1.2.1.*** *Animals that do not meet minimum standards may not be offered for sale.*

***1.3.*** *All bulls that will sire and have sired calves (eligible for registration) born from 1 September 2022 must be genotyped and have a SNP genotype on record before a pregnant heifer or cow with young calf referred to herein is offered at auction.*

***1.4.*** *All Simbras offered on public auction are sold subject to the Auction Rules of the Society.*

***1.5.*** *Auction flyers/pamphlets are subject to approval before they may be published on social media and the website and must display the official Simbra logo (where animals of more than one breed are advertised and offered at the same auction, the Simbra logo is not compulsory).*

***1.5.1.*** *If the left shoulder of a bull is shown on the pamphlet, the S-brand must be present on the shoulder.*

***1.5.2.*** *Animals presented on the auction pamphlet must be in auction condition and meet phenotypic breed standards – the auction pamphlet screening panel will decide if this requirement is met.*

## Veilingsreëls / *Auction Rules*

**2.1.** Die verkoper moet by ondertekening van hierdie veilingsreëls skriftelik bewys indien dat sy veilingsdiere binne 90 dae voor die veiling skoon getoets is vir TB en alle vroulike diere wat reeds gekalf het BM skoon getoets het, of 'n CA3 sertifikaat/veeartssertifikaat indien wat spesifiseer dat al sy diere skoon getoets is binne die laaste 12 maande. Alle vroulike diere wat vir veilings aangebied word, moet met RB51/S19 teen Bruselose ingeënt wees. Aangesien Namibië vry verklaar is van Brusellose en beestering word daar nie vereis dat beeste daarvoor getoets word nie.

**2.2.** Diere onder 1 jaar op dag van veiling is opgeneem as kalfboek en sal aan die koper oorgedra word op die verkoper se koste. Lede van die Genootskap kan hierdie diere tussen 1 en 3 jarige ouderdom aanbied vir volle registrasie in die Kuddeboek.

**2.3.** Die verkoper het die volgende "Verkopersverklaring" onderteken en ingedien:

**2.3.1.** Dat die diere wat aangebied word getatoeëer en gekontroleer is, en dat dit ooreenstem met die rekords van die genootskap. Indien die koper binne 30 dae na die veiling bewys kan lewer dat die dier nie getatoeëer is nie of verkeerdelik getatoeëer is, sal **waarborg 6** van toepassing wees.

**2.3.2.** Dat alle bulle deur 'n veearts of geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer is in die voorgeskrewe formaat nie langer as 90 dae voor die veiling. Vrugbaarheid (met spesifieke verwysing na,

motiliteit, morfologie en skrotumomtrek) moet geëvalueer word en op die verslag gespesifiseer word en deur die verkoper gewaarborg word tot 7 kalender dae na die veilingsdatum of in sekere spesiale gevalle 7 dae nadat die koper die bul in ontvangs geneem het. Oorspronklike vrugbaarheidssertifisering moet vir 1 jaar na veilingsdatum by die verkoper beskikbaar wees. Indien die koper binne 7 dae na die veiling (of in spesiale gevalle soos vooraf gereël met die verkoper vanaf die ontvangs van die bul) 'n veeartssertifikaat voorle wat die teendeel bewys sal **waarborg 6** van toepassing wees.

**2.3.3.** Enige waarborge aangaande die bevriesing van semen sal gemaak word deur 'n aparte ooreenkoms tussen die koper en verkoper.

**2.3.4.** Dat alle bulle skoon getoets is vir Trichomoniase en Vibriose. Dit moet op die Vrugbaarheidsertifikaat aangedui word.

**2.3.5.** Dat alle vaars van kalwers wat in aanmerking kom vir kalfboek registrasie en wat nog nie by die Genootskap op rekord is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, 'n SNP genotipering profiel en DNS vaderskap bevestiging op rekord het en dat die bulle geregistreer is.

**2.3.6.** Dat diere wat as dragtig aangebied word, **deur 'n veearts of geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as dragtig gesertifiseer is** en sodanige sertifisering met navraag by die verkoper beskikbaar is tot 1 jaar na die veilinsdatum.

**2.3.6.1.** Indien hierdie dragtig gesertifiseerde diere binne 48 uur na die veiling as nie-dragtig deur 'n geregistreerde veearts of veeartsenykundige tegnoloog gesertifiseer word, sal **waarborg 6** van toepassing wees.

**2.3.6.2.** As 'n vroulike dier as "oop" of "nie-dragtig" verkoop word en binne 30 dae na die veiling as dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal **waarborg 6** van toepassing wees.

**2.3.7.** Diere se heuphoogtes en raamgrootte punte sal op kataloguste verskyn vanaf 1 Augustus 2025.

**2.3.8.** Diere wat in een van hierdie 3 dele van die katalogus verskyn, moet aan die volgende reëls voldoen:

**A. Deel A van Katalogus is GEREGISTREERDE SIMBRAS:**

1) Oop verse mag slegs aangebied word tot op die ouderdom van 30 maande.
2) 'n Dragtige vers wat aangebied word moet voor of op 39 maande kalf.
3) 'n Koei sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, en die verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, **en** so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
4) Diere wat dragtig is uit 'n MultiSire groep; hier moet die MultiSire bulle geïdentifiseer wees, hierdie bulle moet ook aan al die reëls van die genootskap voldoen (vaderskap bevestiging, 200dae gewig op rekord, geSNP genotipeer en gekeur wees) alvorens hulle as deel van so 'n groep kan kwalifiseer.
5) Cum diere moet ten minste twee of meer kalwings na registrasie gehad het, en indien sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, **en** so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
6) Eiselskenkers - Moet dragtig wees binne 18 maande sedert laaste spoeldatum.
7) Simbra bulle moet 22 maande of ouer wees, moet geregistreerd wees, dus die S-brand dra op die linker skouer as waarborg dat die bul voldoen aan minimum fenotipiese rasstandaarde, 'n 200 dae gewig op rekord hê en vaderskap van die bul deur middel van DNS bevestig is.

**B. Deel B van Katalogus is CUM SIMBRA VERSE:**

1) Teler/verkoper moet die geboortedatum van die dier bevestig het.
2) Oop Cum verse mag slegs aangebied word tot op 30 maande.
3) 'n Dragtige Cum vers wat aangebied word, moet voor of op 39 maande kalf.
4) Diere wat onder hierdie afdeling verkoop word, moet duidelik gemerk en getatoeëer word met die verkoper se kuddeletters, jaar van geboorte en unieke volgnommer.

**C. Deel C van katalogus bestaan uit SIMBRA TIPE vroulike diere:**

1) Simbra Tipe diere wat nie voldoen aan die bostaande twee afdelings nie, kan hier verkoop word.
2) Die diere se gehalte moet van so 'n aard wees dat hulle as Cum F0 diere in die Simbra kuddeboekstelsel opgeneem kan word.

**2.4 Waarborg 6:** Indien die nodige bewyse binne die betrokke periode (verwys 2.3.1, 2.3.2. & onderafdelings 2.3.6.1 en 2.3.6.2) skriftelik aan die verkoper voorsien word dat enige van die diere gekoop nie voldoen aan die reëls soos hierbo gestipuleer nie, sal die verkoper, met die keuse van die koper, enige dier tersprake vervang met 'n ander dier van gelyke waarde of die aankoopprys terugbetaal.

---

***2.1.*** *The seller must, upon signing these auction rules, be able to submit proof in writing that his auction animals have been tested clean for TB within 90 days before the auction and all female animals that have already calved have tested clean for CA or submit a CA3 certificate/vet certificate that specifies that all animals have been tested clean within the last 12 months. All females offered on auction must be vaccinated against Brucellosis with RB51/S19. Since Namibia has been declared free from Brucellosis and Cattle TB, sellers do not have to test animals for these diseases.*

***2.2.*** *Animals under 1 year on date of auction are recorded as calfbook and will be transferred to the buyer at the sellers' expense. Members of the Society can offer these animals between 1 and 3 years of age for full registration in the herdbook.*

***2.3.*** *The seller has signed and submitted the "Sellers' Declaration":*

***2.3.1.*** *That the animals offered are tattooed and checked, and that the tattoos correspond to the records of the Society. If the buyer can provide proof within 30 days of the auction that the animal is not tattooed or has been wrongly tattooed,* ***guarantee 6*** *will apply.*

***2.3.2.*** *That all bulls, must have been certified as fertile by a veterinarian or registered veterinary technologist in the prescribed format no longer than 90 days before the auction. Fertility (with reference to, motility, morphology, and scrotal circumference) must be evaluated and specified on the report and is guaranteed by the seller until 7 calendar days after the auction date or in certain special cases 7 days after the buyer has received delivery of the bull. Original fertility certification must be available from the seller for 1 year after the auction date. If the buyer presents a veterinary certificate proving the contrary within 7 days of the auction (or in special cases as previously arranged with the seller from the receipt of the bull),* ***guarantee 6*** *will apply.*

***2.3.3.*** *Any guarantees regarding the freezing of semen will be made by a separate agreement between the buyer and seller.*

***2.3.4.*** *That all bulls must be tested clean for Trichomoniasis and Vibriosis. This must be indicated on the Fertility Certificate.*

***2.3.5.*** *That all sires of calves that are eligible for calfbook registration and that are not yet on record with the Society, and bulls from which cows are in-calf, as well as semen, must have a SNP genotyping profile and DNA Sire verification on record. Bulls must be registered.*

***2.3.6.*** *That any female offered as in-calf must be certified in-calf by a veterinarian or registered veterinary technologist and such certification is available upon request from the seller up to one year after the auction date.*

***2.3.6.1.*** *If these certified "in-calf" animals are certified not in-calf by a registered veterinarian within 48 hours of the auction,* ***guarantee 6*** *will apply.*

***2.3.6.2.*** *If a female animal is sold as "open" or "not in-calf" and is certified in-calf by a veterinarian within 30 days of the auction,* ***guarantee 6*** *will apply.*

***2.3.7.*** *Animals' hip heights and frame scores will be displayed in the catalogue from 01 August 2025.*

***2.3.8.*** *Animals appearing in one of these three parts of the catalogue must comply with the following rules:*

***A. Part A of Catalogue are REGISTERED SIMBRAS:***

1) *Open heifers may only be offered up to the age of 30 months.*
2) *A heifer in calf must calve before or at 39 months.*
3) *A cow without a calf at foot must be certified in-calf, and the expected calving date must not be later than 18 months after her last calving date, and such a cow must not have been "open" for more than 18 months between calves.*
4) *Animals that are in-calf from a MultiSire group; here the MultiSire bulls must be identified, these bulls must also comply with all the rules of the society (Sire Verification, 200-day weight on record, SNP genotyped and inspected) before they can qualify as part of such a group.*
5) *Cum animals must have had at least two or more calvings after registration, and if without a calf at foot must be certified in-calf, and the expected calving date must not be later than 18 months after her last calving date, and such a cow must not have been open for more than 18 months between calvings.*
6) *Embryo donors must be in-calf within 18 months of last flush date.*

7) *Simbra bulls must be 22 months or older, must be registered, thus wearing the S-brand on the left shoulder as a guarantee that the bull meets the minimum phenotypic breed standards, have a 200-day weight on record and be sire verified through DNA verification.*

**B. *Part B of Catalogue are CUM SIMBRA HEIFERS:***

1) *Breeder/seller must have confirmed the birth date of the animal.*
2) *Open Cum heifers may only be offered up to the age of 30 months.*
3) *A Cum heifer offered as in-calf, must give birth before or at 39 months of age.*
4) *Animals sold under this section must be clearly marked and tattooed with the seller's herd letters, year of birth and unique serial number.*

**C. *Part C of catalogue consists of SIMBRA TYPE females:***

1) *Simbra Type animals that do not meet the above standards can be sold here.*
2) *The qualifying animals must be of such a nature that they can be entered as CUM F0 animals in the Simbra herdbook system.*

***2.4. Guarantee 6:*** *If the necessary evidence is provided to the seller in writing within the relevant period (ref. 2.3.1, 2.3.2. & subsections 2.3.6.1 and 2.3.6.2) that any of the animals purchased do not comply with the rules as stipulated above, the seller will, at the option of the buyer, replace any animal in question with another animal of equal value or refund the purchase price.*

---

**DIE RAAD EN PERSONEEL VAN DIE SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUIDELIKE AFRIKA WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE EISE VAN KOPERS WAT MAG VOORTVLOEI UIT VERKOPE OP VEILINGS. DIE SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE SKADE WAT ONS OF ENIGE DERDE PARTY MAG LEI AS GEVOLG WATTER REDE OOKAL UIT HOOFDE VAN VERHANDELINGS VAN SIMBRAS OP VEILINGS.**

---